



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.  
 AFDELING A: VERPLIGTEND  
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae  
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.  
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae  
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
<b>A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND</b>	<b>1</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
<b>B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)</b>	<b>2</b>	<b>60</b>	<b>30</b>
	<b>3</b>	<b>60</b>	<b>30</b>
	<b>4</b>	<b>60</b>	<b>30</b>
	<b>5</b>	<b>60</b>	<b>30</b>
	<b>6</b>	<b>60</b>	<b>30</b>
<b>C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)</b>	<b>7</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
	<b>8</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
	<b>9</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
	<b>10</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>300</b>	<b>180</b>

- Begin die antwoorde op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

**VOORBEELD:**

1.1.11  A  B  C  D

- 1.1.1 Werkgewers betaal 1% as 'n vaardigheidsontwikkelingsheffing indien hul jaarlikse salarisuitgawe ... oorskry.
- A R50 000
  - B R500 000
  - C R1 000 000
  - D R100 000
- 1.1.2 Die proses waarvolgens 'n besigheid sy bedrywighede staak en alle bates verkoop om skulde af te betaal:
- A Aflegging
  - B Markontwikkeling
  - C Disinvestering/Vervreemding
  - D Likwidasië
- 1.1.3 Watter EEN van die volgende besighede kan onder die tersiêre sektor geklassifiseer word?
- A Solly Opleiding & Ontwikkeling BK
  - B Trust Meubelvervaardigers
  - C TRIX Steenkoolmyn
  - D Nandi Suikerrietverbouers
- 1.1.4 'n Minimum van R1 000 moet in hierdie soort belegging belê word:
- A Effektetrusts
  - B Aandele
  - C Vaste deposito
  - D RSA-kleinhandelspaareffekte
- 1.1.5 Onbeperkte aanspreeklikheid beteken ...
- A eienaars se persoonlike bates is beskerm ingeval die besigheid bankrot raak.
  - B eienaars kan hul persoonlike bates verloor ingeval die besigheid bankrot raak.
  - C eienaars kan nie meer verloor as wat hulle in die besigheid belê het nie ingeval die besigheid bankrot raak.
  - D eienaars is nie daarop geregtig om in die winste van die besigheid te deel nie.

1.1.6 Besighede pas hierdie bestuurs- en leierskapsteorie toe om werknemers in 'n kort tydperk te verander, ontwikkel en motiveer:

- A Situasionele teorie
- B Karakterteorie
- C Transformasionele teorie
- D Leiers en volgelinge

1.1.7 Die reg van werknemers om by vakbonde aan te sluit, staan as vryheid van ... bekend.

- A assosiasie
- B uitdrukking
- C beweging
- D spraak

1.1.8 Besighede beskerm die omgewing deur ...

- A herwinningsprogramme.
- B giftige afval in riviere en damme te stort.
- C lugbesoedeling.
- D nienakoming van omgewingswetgewing.

1.1.9 'n Menslikehulpbron-aktiwiteit waar die werknemer se bevoegdheid by sy/haar pos gepas word:

- A Onderhoud
- B Induksie
- C Plasing
- D Sifting

1.1.10 BAC Beverages se produksiebestuurder voer gereelde inspeksies op eindprodukte uit om te verseker dat aan die vereiste standarde voldoen word. Hierdie proses staan as gehalte-... bekend.

- A sirkels
- B beplanning
- C versekering
- D beheer

(10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Elke woord mag slegs EEN KEER gebruik word.

besluitneming; Nasionale Kredietwet; probleemoplossing; bestuurders; aftrede; stukwerk; aflegging; Wet op Verbruikersbeskerming; leiers; tydverwante; Porter se Vyf
---

- 1.2.1 ... dwing besighede om meer inligting oor hul produkte en prosesse bekend te maak.
- 1.2.2 ... het gesag op grond van hul posisie in die maatskappy.
- 1.2.3 ... word gewoonlik toegepas om die aantal werknemers te verminder weens herstrukturering in die besigheid.
- 1.2.4 ... vereis kreatiewe denkvaardighede om alternatiewe oplossings te ontwikkel en te evalueer.
- 1.2.5 ... salarisvasstelling word gebruik om werkers te betaal wanneer ooreengekome dele van 'n projek voltooi is. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Belbin-rolleteorie	A	verskillende individue werk saam om een doel te bereik
1.3.2	Privaat maatskappy	B	verantwoordelik vir die uitsoek van grondstowwe teen die beste pryse
1.3.3	Strategie-evaluering	C	aanvaar dat mense met 'n voorkeur vir sekere houdings en funksies gebore word
1.3.4	Finansiële funksie	D	moet 'n prospektus registreer en publiseer
1.3.5	Bestormingstadium	E	aanvaar dat suksesvolle spanprestasie deur die gedrag van spanlede beïnvloed word
		F	proses om besigheidsaktiwiteite te monitor en prestasie te meet
		G	proses om besigheidstaktiek te gebruik om uitdagings te oorkom
		H	magstryd vir die posisie van spanleier kom soms voor
		I	verantwoordelik vir die opstel van jaarlikse begrotings
		J	aandele is nie vryelik oordraagbaar nie

(5 x 2)

(10)

**TOTAAL AFDELING A:****40**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 2.1 Noem die SES komponente van die PESTWO-analise. (6)
- 2.2 Maak 'n lys van DRIE besigheidsomgewings en noem die mate van beheer wat besighede oor elke omgewing het. (9)
- 2.3 Verduidelik die betekenis van *leerlingskappe*. (4)
- 2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GLEN HEEN-EN-WEER-DIENS (GHW)**

Glen Heen-en-weer-diens vervoer kliënte na en van die lughawe. Enkele kliënte het GHW versoek om koeldrank gedurende die ritte te verkoop. GHW het besluit om met Clear Beverages saam te smelt om sodoende aan hul kliënte se behoeftes te voldoen.

- 2.4.1 Identifiseer die soort integrasie-strategie wat GHW in die scenario hierbo toegepas het. Motiveer jou antwoord. (3)
- 2.4.2 Noem TWEE ander integrasie-strategieë. (2)
- 2.4.3 Gee DRIE redes waarom besighede integrasie-strategieë kan gebruik. (6)
- 2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**QUICK CASH FONDSE (QCF)**

Quick Cash Fondse stel lenings beskikbaar aan enigiemand wat kontant op kort kennisgewing nodig het. QCF moedig mense aan om vir lenings aansoek te doen ongeag hul finansiële status. Hulle gebruik ook misleidende en bedrieglike metodes om potensiële kliënte te lok.

- 2.5.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop QCF nie aan die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) voldoen nie. (2)
- 2.5.2 Beveel maniere aan waarop QCF aan hierdie Wet kan voldoen. (8)
- 2.6 Bespreek die impak van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) (aangepas in 2013) op besighede. (10)
- 2.7 Regverdig die doeltreffendheid van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) op besighede. (10)

**[60]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 3.1 Noem VIER faktore wat oorweeg moet word wanneer daar aan die einde van 'n aanbieding op vroeë gereageer word. (8)
- 3.2 Identifiseer die soort aandele wat deur ELKE stelling hieronder verteenwoordig word.
- 3.2.1 Aandele word aan bestaande aandeelhouders uitgereik as vergoeding vir 'n verlies aan dividende.
- 3.2.2 Aandeelhouders ontvang hul dividende voordat andere uitbetaal kan word.
- 3.2.3 Hierdie aandele word aan aandeelhouders uitgereik wat die maatskappy begin het.
- 3.2.4 Hierdie aandeelhouders kan meer dividende ontvang wanneer die maatskappy groter winste maak. (8)
- 3.3 Beskryf in breë trekke die funksies van die Johannesburgse Sekuriteite-beurs Bpk. (JSE). (8)
- 3.4 Brei uit oor die belangrikheid van 'n belegging in vaste deposito's. (3)
- 3.5 Tabuleer die verskille tussen *saamgestelde* en *enkeltvoudige rente*. (8)
- 3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vroeë wat volg.

**BALOYI HANDELAARS (BH)**

Mej. Green, 'n bestuurder by Baloyi Handelaars, versoek werknemers gereeld om idees by te dra oor hoe om die besigheid se winste te verhoog.

- 3.6.1 Noem die leierskapstyl wat mej. Green in die scenario hierbo toepas. Motiveer jou antwoord. (3)
- 3.6.2 Bespreek die impak van mej. Green se leierskapstyl wat in VRAAG 3.6.1 geïdentifiseer is, op Baloyi Handelaars. (8)
- 3.6.3 Gee mej. Green raad oor die voordele daarvan om die situasionele leierskapsteorie in die werkplek te gebruik. (6)
- 3.7 Verduidelik hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van 'n maatskappy sonder winsopslag kan bydra:
- 3.7.1 Kapitaal (4)
- 3.7.2 Bestuur (4)

**[60]**

**VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE**

- 4.1 Noem VYF ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (5)
- 4.2 Verduidelik hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer. (8)
- 4.3 Identifiseer die onetiese of onprofessionele besighedspraktyk wat in elk van die volgende scenario's uitgebeeld word:
- 4.3.1 Masakhane Winkels se pryse vir dieselfde goedere is hoër in die dorpie as in die stad.
- 4.3.2 Die direkteur van KNZ Raadgewers gebruik die besigheid se kredietkaart om vir persoonlike uitgawes te betaal.
- 4.3.3 Zamu Prokureurs se werknemers bestee gedurende kantoorure meer tyd aan sosiale netwerke as aan hul pligte. (6)
- 4.4 Beskryf hoe besighede die dinkskrumtegniek kan toepas om hul besighedsprobleme op te los. (8)
- 4.5 Bespreek die volgende kriteria vir die beoordeling van suksesvolle spanprestasie:
- 4.5.1 Interpersoonlike gesindheid en gedrag (2)
- 4.5.2 Kommunikasie (2)
- 4.6 Brei uit oor die belangrikheid van spandinamika-teorieë om spanprestasie te verbeter. (4)
- 4.7 Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek. (8)
- 4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NATASHA DÉCOR (ND)**

Die finansiële bestuurder van Natasha Décor sien toe dat belasting op toegevoegde waarde (BTW) betyds aan die SAID oorbetaal word. Werknemers word betaal volgens die hoeveelheid moeite en tyd wat hulle by die werk bestee. ND gebruik nie dieselfde idees as hul mededingers tot voordeel van hul eie besigheid nie.

Maak 'n lys van die DRIE maniere waarop ND professioneel, verantwoordelik en eties sake bedryf. Haal uit die scenario aan om jou antwoord te motiveer. Gebruik die tabel hieronder om jou antwoord aan te bied.

SAKEPRAKTYK	AANHALING UIT SCENARIO

- 4.9 Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (8)
- [60]**

**VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

- 5.1 Noem VYF metodes van eksterne werwing. (5)
- 5.2 Noem DRIE aspekte wat by die induksieprogram ingesluit moet word. (6)
- 5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOM VLOERE (TV)**

Mnr. Du Preez is die nuutaangestelde finansiële bestuurder van Tom Vloere. Sy indiensnemingskontrak toon slegs sy handtekening. Die kontrak bepaal dat van hom vereis kan word om 12 uur per week oortyd te werk. Daar word van hom verwag om ander pligte, wat nie in sy kontrak genoem word nie, uit te voer.

- 5.3.1 Identifiseer die tekortkominge met betrekking tot mnr. Du Preez se indiensnemingskontrak. Maak aanbevelings vir verbetering. (9)
- 5.3.2 Beskryf in breë trekke enige TWEE ander wetlike vereistes van die indiensnemingskontrak. (4)
- 5.4 Bespreek die keuringsprosedure as een van die aktiwiteite van die menslikehulpbron-funksie. (8)
- 5.5 Identifiseer die element van totale gehaltebestuur (TGB) wat in ELKE stelling hieronder uitgebeeld word.
- 5.5.1 JKM Vars Vrugte se bestuur maak seker dat klante se klagtes binne 24 uur hanteer word.
- 5.5.2 Die werknemers van Tumi Raadgewers woon gereeld opleidingskursusse oor dienslewering by.
- 5.5.3 Huishoudeliketoestel-vervaardigers gebruik moderne produksie-tegnologie om te verseker dat hul produkte ooreenkom met die jongste innovasies.
- 5.5.4 Themba Gastehuis se besturende direkteur laat die personeel toe om tydens strategiese beplanningssessies insette te lewer.
- 5.5.5 Duncan Rekenaars kan dit bekostig om twee ekstra kundiges in hul Inligtingstechnologiesedepartement aan te stel. (10)
- 5.6 Verduidelik hoe totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verlaag. (6)
- 5.7 Onderskei tussen *gehalteprestasie* en *gehaltebestuur*. (4)
- 5.8 Stel TWEE gehalte-aanwysers vir ELKE besigheidsfunksie hieronder voor:
- 5.8.1 Bemerkingsfunksie (4)
- 5.8.2 Administrasiefunksie (4)

**[60]**

**VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE****BESIGHEIDSOMGEWINGS**

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DAVE DIGITALE KLANK (DDK)**

DDK spesialiseer in die verkoop van radio's en motorklankstelsels. Hulle neem gekwalifiseerde klankingenieurs in diens. Die besigheid het nie genoeg kapitaal om klankstelsels vir groot geleenthede te koop en te verkoop nie. Besighede in dieselfde bedryf sluit hul deure as gevolg van ondoeltreffende bemerkingsveldtogte. DDK is in 'n hoëmisdaad-gebied geleë.

6.1.1 Stel 'n SSGB('SWOT')-analise vir DDK saam. (4)

6.1.2 Stel EEN strategie voor om elke swak punt en bedreiging wat in VRAAG 6.1.1 geïdentifiseer is, baas te raak. (4)

6.2 Bespreek die voordele van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1993 (Wet 130 van 1993) (aangepas in 1997). (6)

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

6.3 Gee TWEE voorbeelde van nieverbale aanbiedingsmetodes. (2)

6.4 Verduidelik hoe *opbrengs op belegging* en *risiko* die besluit om in aandele te belê, kan beïnvloed. (4)

6.5 Vergelyk 'n *vennootskap* en 'n *persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy* as ondernemingsvorme ten opsigte van die volgende kriteria:

6.5.1 Kontinuiteit (4)

6.5.2 Belasting (4)

**BESIGHEIDSROLLE**

6.6 Beskryf in breë trekke enige VIER probleemoplossingstappe. (4)

6.7 Identifiseer die King-kode-beginsel wat in ELKE stelling hieronder uitgebeeld word.

6.7.1 Rocky Handelaars publiseer die waarde van hul aandele in hul finansiële verslae. (2)

6.7.2 John Skoene Bpk. se direkteure aanvaar verantwoordelikheid vir hul besluite en optrede. (2)

6.8 Mnr. Nel werk as 'n verkoopsverteenvoerder. Hy word onregverdig in die werkplek behandel. Verduidelik die korrekte prosedure wat hy moet volg om sy griewe te hanteer. (8)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

6.9 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CLEANCUT SLAGHUIS (CS)**

Cleancut Slaghuis het tien toegewyde werkers in diens wat altyd die sperdatums haal. CS het besluit om hulle gratis akkommodasie en mediese hulp aan te bied uit waardering vir hul goeie diens.

6.9.1 Noem TWEE soorte byvoordele wat CS aanbied. (2)

6.9.2 Bespreek die voordele van byvoordele vir CS. (6)

6.10 Analiseer die negatiewe impak op besighede as TGB swak geïmplementeer word. (8)  
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

**AFDELING C**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

**VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)**

Die verhouding tussen werkgewers en werknemers word gerig deur die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). Besighede wat nie aan hierdie Wet voldoen nie, kan swaar boetes in die gesig staar.

As 'n arbeidsverhoudinge-kenner, doen volledig verslag oor die volgende aspekte van die Wet op Arbeidsverhoudinge:

- Beskryf in breë trekke die regte van werkgewers en werknemers volgens die WAV.
- Bespreek die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge.
- Evalueer die impak van hierdie Wet op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede aan die WAV kan voldoen.

**[40]****VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (VERSEKERING EN AANBIEDING)****SMARTSURANCE (SS)**

Mnr. Funa is 'n versekeringsmakelaar by Smartsurance. Hy moet tydens 'n vergadering van plaaslike besigheidseienaars 'n aanbieding oor verskillende soorte versekeringsprodukte doen. Daar word ook van hom verwag om potensiële kliënte van die belangrikheid van versekering te oortuig.

Mnr. Funa benodig besonderhede oor die volgende aspekte wat hy by sy aanbieding wil insluit. Hy versoek dat jy:

- Onderskei tussen *verpligte* en *nieverpligte* versekering. Gee TWEE praktiese voorbeelde van elk.
- Verduidelik die belangrikheid van versekering vir besighede.
- Bespreek DRIE beginsels van versekering.
- Gee hom raad oor hoe hy sy volgende aanbieding kan verbeter.

**[40]**

**VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID EN KORPORATIEWE BURGERSKAP)**

Besighede is verplig om programme vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV), wat daarop gemik is om die lewensgehalte van gemeenskappe te verbeter, in werking te stel. Sommige besighede glo dat daar nie van hulle verwag kan word om in projekte vir korporatiewe maatskaplike belegging/investering (KMB/KMI) te belê nie aangesien dit nie die primêre doel van hul besigheid is nie.

Ondersteun die argument hierbo deur na die volgende aspekte te verwys:

- Beskryf verskille tussen *KMV* en *KMB/KMI*.
- Evalueer die impak van *KMB/KMI* op besighede.
- Verduidelik die verband tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte ('triple bottom line').
- Beveel VYF maniere aan waarop besighede met tyd en energie hul werknemers se welstand kan bevorder.

**[40]****VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRONNE EN GEHALTE VAN PRESTASIE)****SHAKES VERVAARDIGING BPK. (SVB)**

Shakes Vervaardiging Bpk. is 'n groot besigheid wat in die vervaardiging van skooluniforms spesialiseer. Skole is nie tevrede met die gehalte van SVB se produkte nie. SVB se bestuur wil 'n produksiebestuurder werf en aanstel om hul gehalteprosesse te monitor en te evalueer.

Gee 'n gedetailleerde verslag oor die volgende aspekte:

- Verduidelik die werwingsprosedure wat SVB moet volg om die vakante pos te vul.
- Gee SVB raad oor die voordele van induksie van die produksiebestuurder.
- Brei uit op die voordele van monitering en evaluering van SVB se gehalteprosesse as 'n TGB-element.
- Beveel maniere aan waarop SVB se algemene bestuurder tot die gehalte van die besigheid se prestasie kan bydra.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**  
**GROOTTOTAAL: 300**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

**Hierdie memorandum bestaan uit 44 bladsye.**

**NOTAS AAN NASIENERS****INLEIDING**

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum merkers oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener	Rooi
Senior Nasiener	Groen
Adjunk-hoofnasiener	Bruin
Hoofnasiener	Pienk
Interne Moderator	Oranje
DBE Moderator	Turkoois
2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
3. 'n Omvattende memorandum word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
  - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die memorandum gegee word
  - Uit 'n ander bron kom
  - Oorspronklik is
  - 'n Ander benadering gebruik

**LET WEL: Daar is slegs een korrekte antwoord in AFDELING A.**

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
5. Die woord 'subtotaal' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
6. Die doel daarvan om punte (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) aan die regterkant te omkring is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte asook met berekeninge/moderering.
7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte wat aan die einde van elke vraag verskyn. Dit moet deur 'maks' in die memo/uiteensetting van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie sowel as die antwoord tersaaklik wees en verband hou met die vraag.
9. Foutiewe nommering van antwoorde in AFDELING A en B sal streng geenaliseer word, daarom word korrekte nommering in alle afdelings sterk aanbeveel.
10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.
11. Neem kennis dat geen punte toegeken sal word vir die aanduiding Ja/Nee in die evalueringstipe vrae wat motivering of bevestiging vereis nie. (Van toepassing op AFDELING B en C.)
12. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
  - 12.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.'* √
  - 12.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge √, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.'* √

**LET WEL: Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'ontleed'.**

13. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, punttoekenning in die memorandum en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

- 13.1 Adviseer, noem, aanbeveel, stel voor (*lys nie volledig nie*) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
- 13.2 Beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, regverdig, ontwerp, ontwikkel, ontleed, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

**14. AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die onnagesiende gedeelte te trek en gebruik die woord 'Kanselleer'.

**LET WEL: Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.**

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

**14.4 Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite wat vereis dat kandidate moet 'verduidelik/bespreek/beskryf', gespesifiseer is, sal dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die memorandum)
- Verduideliking 1 punt

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die memorandum toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

**15. AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	<b>Maksimum: 32</b>
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	<b>8</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

## 15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?	<b>2</b>
Ontleding en vertolking	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/subopskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?	<b>2</b>
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte behoort toegeken te word volgens die onderstaande gids: Geen relevante feite: 0 (Twee '-S') 'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S') Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S')  NB: 1. Indien daar geen '-S' is, ken die maksimum van TWEE (2) punte toe. 2. Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt toe.	<b>2</b>
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	<b>2</b>
<b>TOTAAL VIR INSIG:</b>		<b>8</b>
<b>TOTAAL VIR FEITE:</b>		<b>32</b>
<b>TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):</b>		<b>40</b>

- LET WEL:**
1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
  2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
  3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**
  4. **Met ingang November 2017 sal 'n kandidaat 'n maksimum van EEN (1) punt vir opskrifte/subopskrifte en EEN (1) punt vir vertolking (16 of meer uit 32 punte) toegeken word. Dit geld spesifiek vir die ontleding en vertolkingsdeel van insig.**

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, S en/of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasiensriglyne vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is.

- 15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:  
S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid soos in die tabel hieronder aangedui.

<b>INHOUD</b>	<b>PUNTE</b>
Feite	<b>32 (maks.)</b>
S	<b>2</b>
A	<b>2</b>
S	<b>2</b>
O	<b>2</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

- 15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.
- 15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die punttoekenning/subopskrifte soos aangedui in die memorandum.
- 15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie/waar ondernemings poog om nuwe produkte✓ in bestaande markte bekend te stel.'✓ Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die memo as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

**AFDELING A****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B√√		
	1.1.2	D√√		
	1.1.3	A√√		
	1.1.4	D√√		
	1.1.5	B√√		
	1.1.6	C√√		
	1.1.7	A√√		
	1.1.8	A√√		
	1.1.9	C√√		
	1.1.10	D√√	(10 x 2)	<b>(20)</b>
1.2	1.2.1	Wet op Verbruikersbescherming√√		
	1.2.2	Bestuurders√√		
	1.2.3	Aflegging√√		
	1.2.4	Probleemoplossing√√		
	1.2.5	Stukwerk√√	(5 x 2)	<b>(10)</b>
1.3	1.3.1	E√√		
	1.3.2	J√√		
	1.3.3	F√√		
	1.3.4	I√√		
	1.3.5	H√√	(5 x 2)	<b>(10)</b>

**TOTAAL AFDELING A: 40****UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 1</b>	<b>PUNTE</b>
<b>1.1</b>	<b>20</b>
<b>1.2</b>	<b>10</b>
<b>1.3</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**AFDELING B**

Sien slegs die EERSTE DRIE antwoorde na.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS****2.1 PESTWO-ontleding**

- Polities✓
- Ekonomies✓
- Sosiaal/Maatskaplik✓
- Tegnologies✓
- Wetlik✓
- Omgewing✓

**LET WEL: Sien slegs die eerste SES (6) na.**

**(6 x 1) (6)**

**2.2 Besigheidsomgewings en die mate van beheer**

BESIGHEIDSOMGEWING	MATE VAN BEHEER
Mikro-omgewing✓	- Volle beheer✓✓
Makro-omgewing✓	- Geen beheer✓✓
Mark-omgewing✓	- Beperkte/Min beheer/invloed✓✓
Submaks (3)	Submaks (6)

**LET WEL: Die mate van beheer moet verband hou met die besigheids-omgewing.**

**Maks (9)**

**2.3 Leerlingskappe**

- Teoretiese/Praktiese opleidingsgeleenthede✓ wat kan lei tot 'n erkende beroeps-kwalifikasie.✓
- Gestruktureerde leerprogramme✓ wat gedurende werksure voltooi word vir 'n gespesifiseerde tydperk.✓
- Ooreenkoms✓ tussen 'n leerder/student, werkgewer en 'n opleidingsverskaffer.✓
- Ooreenkoms kan indiensneming vir 'n bepaalde periode✓ nadat leerdschap voltooi is, insluit.✓
- Sluit 'n opleidingskursus met leermateriaal in✓ sowel as praktiese werks-ondervinding.✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die verduideliking van leerlingkappe verband hou.

**Maks (4)**

**2.4 Integrasiestrategieë****2.4.1 Terugwaartse integrasie/Terugwaarts✓✓****Motivering**

GHW het met Clear Beverages/'n verskaffer van koeldranke, saamgesmelt.✓

**LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir motivering sonder die korrekte identifikasie van integrasiestrategie nie.**

Identifikasie (2)

Motivering (1)

**Maks (3)**

**2.4.2 Ander soorte integrasiestrategieë**

- Voorwaartse integrasie✓
- Horisontale integrasie✓

**(2)**

### 2.4.3 Redes waarom besighede integrasie-strategieë gebruik

- Besighede gebruik dit wanneer hulle hul bedryfsveld/-mark wil uitbrei.√√
- Verspreidingskanale van produkte word korter/middelman word uitgeskakel, en daarom word aanbod-/verspreidingsuitdagings meer effektief bestuur/Meer beheer word oor die verspreidingskanaal verkry.√√
- Verkry direkte verspreiding deur franchise te bekom/oornames te maak./Neem beheer van ander besighede wat soortgelyke produkte/dienste produseer/verkoop.√√
- Verkry toegang tot nuwe markte.√√
- Nuwe/Ander soorte produkte kan aangebied word.√√
- Skep 'n geleentheid vir sinergie, bv. twee besighede kan saam meer bereik as hulle hul bronne saamvoeg.√√
- Verminder bedryfskoste.√√
- Minder mededingers, want soortgelyke besighede in die mark is oorgeneem/uitgeskakel.√√
- Verseker betroubare vloei van grondstowwe/klaarprodukte teen mededingende pryse.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met redes waarom besighede integrasie-strategieë kan gebruik, verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.**

**(3 x 2) (6)**

## 2.5 Nasionale Kredietwet

### 2.5.1 Nie-nakoming deur QCF

- Quick Cash Fondse stel lenings beskikbaar aan enigeen wat kontant op kort kennisgewing nodig het.√
- QCF moedig mense aan om vir lenings aansoek te doen ongeag hul finansiële status.√
- QCF gebruik misleidende en bedrieglike metodes om potensiële klante te lok.√

**LET WEL: 1. Ken slegs punte toe vir antwoorde wat verband hou met nie-nakoming van die NKW.**

**2. Antwoorde moet uit die scenario aangehaal word.**

**(2 x 1) (2)**

### 2.5.2 Maniere waarop QCF aan die Nasionale Kredietwet (NKW) kan voldoen

- QCF behoort by die Nasionale Kredietreguleerder te registreer.√√
- Dien 'n jaarlikse voldoeningsverslag in by die Nasionale Kredietreguleerder.√√
- Verkry kredietrekords/-inligting van klante voordat lenings toegestaan word.√√
- Doen kredietwaardigheidsassesserings om te verseker dat klante wel hul verpligtinge betyds sal kan nakom.√√
- Voorsien pre-ooreenkoms state aan aansoekers.√√
- Maak alle koste van 'n lening bekend/Geen versteekte koste behoort gehef/bygetel te word nie.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met maniere waarop QCF aan die NKW kan voldoen, verband hou.

**Maks (8)**

## 2.6 Impak van BBSEB op besighede

### Positiewe/Voordele

- Voorheen benadeelde werkers sal vaardig word,√ omdat besighede verplig is om hulle vir opleiding te stuur.√
- Besighede wat voldoen aan BBSEB ten opsigte van die pilare√ sal hoog aangeslaan word op die SEB telkaart/kan regeringstenders kry.√
- Moedig besighede aan om die eise van regstelling√ en gelykheid aan te spreek.√

- Voorsien 'n verskeidenheid sakekodes√ om indiensnemingsgelykheid te verbeter.√
- Voorsien geleenthede vir/Bemagtig voorheen benadeelde werknemers√ deur sosio-ekonomiese prosesse wat op opheffing gefokus is.√
- Voorsien vir menslike hulpbron-ontwikkeling√ deur opleiding.√
- Bevorder sake-ontwikkeling,√ deur entrepreneursvaardighede van voorheen-benadeelde/aangewese mense te ontwikkel sodat hulle hul eie besighede kan begin.√
- Besighede sal 'n goeie oorsig kry van hul prestasie√ in terme van die nasionale vereistes van die land.√
- 'n Goeie BBSEB-telling√ sal die besigheid se beeld verbeter.√
- Deur te fokus op BBSEB, toon die besigheid toewyding√ jeens die maatskaplike/ sosiale/opvoedkundige/ekonomiese ontwikkeling in gemeenskappe/land.√
- As die besigheid een keer bepunt is, sal hulle verstaan hoe om BBSEB-strategieë te ontwikkel√ wat hul BBSEB-tellings op 'n jaarlikse basis sal verbeter.√
- Frontering ('Fronting') word ontmoedig√, omdat dit kan lei tot die diskwalifikasie van 'n besigheid se totale telkaart/BBSEB-status.√
- Besighede wat voldoen aan BBSEB se aandeelpryse kan moontlik styg√, want hulle kan meer besigheid lok/kry.√
- Besighede wat Klein, Mikro, Medium Ondernemings (KMMOs) ondersteun√, kan hul eie SEB-gradering verbeter.√
- Deur te voldoen aan BBSEB vereistes kry besighede ondervinding/blootstelling√ om sodoende beter werksgeleenthede/personeelontwikkeling te skep.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die positiewe impak van BBSEB op besighede verband hou.

#### EN/OF

#### Negatiewe/Nadele

- Besighede moet deur die proses gaan waardeur hulle BBSEB-voldoening gemeet/ geverifieer word√ deur 'n onafhanklike BBSEB-verifiëringsagentskap.√
- Besighede wat met die regering sake wil doen,√ moet hul BBSEB-status jaarliks laat assesser.√
- Voorsien vir voorkeurverskaffing√, wat sekere besighede dus uitsluit van die verskaffing van goedere/dienste.√
- Prosesse kan lei tot korrupsie/nepotisme√, as dit nie behoorlik gemonitor word nie.√
- Vele besighede is al deur SEB-graderings benadeel√, omdat hulle nie in staat was om aan al die vereistes van die gradering te voldoen nie.√
- Prosesse en prosedures kan baie duur wees vir 'n besigheid√, omdat daar baie wetlike vereistes is om 'n gradering te behaal wat voldoende is.√
- Besighede kan groot finansiële implikasies ondervind/boetes betaal√, as hulle nie voldoen aan BBSEB nie.√
- Besighede moet geld spandeer in areas wat deur die sewe/vyf pilare van BBSEB vereis word√ om goeie BBSEB-graderings te kry.√
- Beleggings-/en eienaarskapskwessies√ kan ongelukkigheid tussen huidige aandeelhouers veroorsaak.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die negatiewe impak van BBSEB op besighede verband hou.

**Maks (10)**

**2.7 Doeltreffendheid van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI) op besighede**

- Bevorder gelyke geleenthede✓ en regverdige behandeling in die werkplek.✓
- Bevorder die implementering van regstellende aksie✓ om die ongelykhede van die verlede aan te spreek.✓
- Moedig diversiteit in die besigheid aan✓ deur mense met verskillende rasse/kulture//godsdiensige agtergronde aan te stel.✓
- Voorsien alle werknemers gelyke geleenthede✓ om gekeur/aangestel/bevorder te word in 'n pos.✓
- Voorkom onregverdige diskriminasie teen werknemers✓ in enige indiensnemingsbeleid/-praktyk op een/meer gronde, insluitend ras/geslag/gestremdheid/taal✓, ens.
- Skep 'n raamwerk vir aanvaarbare aanstellingspraktyke✓ en regstellende aksie maatreëls.✓
- Verskaf regsmiddele aan werkers✓ indien hulle glo dat daar onregverdig teen hulle gediskrimineer is.✓
- Moedig konsultasie aan✓ tussen werkgever en werknemers.✓
- Verplig besighede om 'n gelyke indiensnemingsplan✓ te ontwikkel/implementeer.✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die doeltreffendheid van die WGI op besighede verband hou.

**Maks (10)**  
**[60]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 2</b>	<b>PUNTE</b>
<b>2.1</b>	<b>6</b>
<b>2.2</b>	<b>9</b>
<b>2.3</b>	<b>4</b>
<b>2.4.1</b>	<b>3</b>
<b>2.4.2</b>	<b>2</b>
<b>2.4.3</b>	<b>6</b>
<b>2.5.1</b>	<b>2</b>
<b>2.5.2</b>	<b>8</b>
<b>2.6</b>	<b>10</b>
<b>2.7</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE****3.1 Reaksie op/Beantwoording van vrae aan die einde van 'n aanbieding**

- Maak seker dat jy elke vraag/wat gevra word, verstaan.√√
- Lewer kommentaar/Herbewoord 'n vraag indien onderseker, voordat dit beantwoord word.√√
- Luister aandagtig na elke vraag/Dink mooi voor antwoord gegee word.√√
- Spreek die vraag/vrae aan en nie die persoon nie.√√
- Gee erkenning vir goeie vrae.√√
- Bly te alle tye professioneel/beleefd/kalm/toeganklik/nie-aggressief.√√
- Moenie in 'n debat/argument betrokke raak nie.√√
- Moenie toelaat dat een lid van die gehoor die bespreking/sessie domineer en al die vrae vra nie.√√
- Vermoed die beantwoording van moeilike vrae as die antwoord nie bekend is nie.√√
- Maak verskoning vir 'n fout en beloof om die korrekte inligting aan almal beskikbaar te maak.√√
- Spreek die hele gehoor aan en nie net die persoon wat die vraag gevra het nie.√√
- Beloof om antwoorde wat jy nie geken het/nie van seker is nie, op te volg.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die beantwoording van vrae aan die einde van 'n aanbieding verband hou.

